**10** DAE VAN GEBED

# Die Drie Engele se Oproep tot Gebed

## DAG 5 — DIE LEEFSTYL VAN GEHOORSAAMHEID EN GEBED

*"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."* – 1 Johannes 5:14, 15

### Ons is Magteloos, Maar Hy is Almagtig

Die drie engele boodskap roep ons op na 'n lewe van gehoorsaamheid. Die eerste engel se boodskap verklaar, "Vrees God en gee Hom heerlikheid, want die uur van sy oordeel het gekom;" (Openbaring 14:7). Die Nuwe Testament was geskryf in Grieks en die woord vir 'vrees' kan ook vertaal word as *respek, eerbied* of *eer.* Dit is 'n houding van lojaliteit teenoor God, 'n verstandelike besluit om gehoorsaam te wees aan Sy gebooie. Die wyse man het dit so gestel: "Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg." (Prediker 12:13, 14).

Wanneer ons daaraan dink om God se gebooie te onderhou, is dit maklik om te fokus op ons swakhede, ons onvermoë om te doen wat ons innerlike siele begeer. Te dikwels begeer ons om die regte ding te doen, maar ons misluk om die krag te vind om dit uit te voer. Ons moet saam met die apostel Paulus erken, "Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek. (Romeine 7:15). Wat was die apostel se oplossing vir hierdie dilemma? Aan die einde van die hoofstuk vra hy hierdie vraag, "Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" En hy antwoord met hierdie positiewe stelling: "Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (Romeine 7:24, 25). Daar *is* 'n oplossing vir hierdie probleem van konstante mislukking, berou, en weer misluk. Paulus sê dit is Jesus Christus ons Here. Ons is swak, maar Hy is sterk. Ons is kragteloos, maar Hy is magtig. Ons is magteloos, maar Hy is Almagtig. Ellen White stel dit mooi in 'n artikel wat sy geskryf het in 1897,

"Christus se voorbeeld wys ons dat ons enigste hoop op oorwinning in die aanhoudende weerstand teen Satan se aanvalle is. Hy wat getriomfeer het oor die teenstander van siele in die konflik met versoeking, verstaan die Satan se mag oor die mensdom en het oorwin in ons plek. As 'n oorwinnaar, het Hy ons die voordeel van Sy oorwinning gegee, sodat in ons pogings om die versoekings te weerstaan, mag ons ons swakhede verenig met Sy krag, ons waardeloosheid met Sy meriete. En, ondersteun deur Sy blywende mag, kan ons sterk versoekings weerstaan in Sy Almagtige naam en oorwin net soos Hy oorwin het." (*Signs of the Times,* Mei 27, 1897)

### Maak Aanspraak op Sy Oorwinning

Ons word oorwinnaars in die Christelike lewe wanneer ons fokus op Christus se krag en nie ons eie swakheid nie. Wanneer ons in gebed tree, moet ons die belofte van 1 Johannes 5:14,15 aanneem: *En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."* Wanneer ons aanspraak maak op hierdie belofte deur geloof, sal Jesus wonderlike dinge laat gebeur en ons krag gee om goddelike lewens te lei terwyl ons gereed maak vir Sy spoedige wederkoms.

## Gebedstyd (30-45 Minute)

### Bid God se Woord – Prediker 12:13, 14

"Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou Sy gebooie; want dit geld vir alle mense. Want God sal elke werk bring in die gerig wat kom oor al die verborge dinge, goed of sleg."

### "Vrees God"

*Vader, ons erken dat U die Skepper God is, Almagtig, vol krag, Alwetend. U is ver bo ons beperkte menslike begrip, en tog is U nader aan ons as selfs ons naaste geliefdes. Ons staan in stomme verbasing voor U majesteit en ons aanbid U en wil U eer met ons hele lewe.*

### "Hou Sy Gebooie"

*God, ons het geen vermoë in onsself om U gebooie te hou nie, om in ooreenstemming met U wil te wees nie. Slegs Jesus kan ons help. Ons begeer om U wil te doen, om getrou te wees, maar so dikwels faal ons. Dankie dat Jesus die krag het om oorwinning in ons lewens te bring. Ons kyk na Hom en gee onsself oor in Sy getroue hande. Jesus, ons vra dat U U lewe in ons sal leef.*

### "Elke Werk bring in die Gerig .... (ook in die geheim) Goed of Sleg"

*Vader, ek besef dat niks vir U verborge is nie. U ken my hart, U ken my goeie en slegte tye. U is ook ten volle bewus van alles wat gebeur rondom die wêreld. Dankie dat U gedagte teenoor my, ten spyte van hoe ek voel, altyd vol van liefde en genade is, en dat ek nie nodig het om die oordeel te vrees nie, solank as ek in Jesus bly.*

### Nog Gebedsvoorstelle:

**Dank en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof God vir Sy goedheid.
**Danksegging en Lof:** Dank God vir spesifieke seëninge en loof Hom vir Sy goedheid.
**Beleidenis:** Neem 'n paar minute vir privaat beleidenis en dank God vir Sy vergifnis.
**Leiding:** Vra God vir wysheid vir die huidige uitdagings en besluite.
**Ons Kerk:** Bid vir die streke en Wêreld kerk se behoeftes (sien aparte bladsy vir versoeke).
**Plaaslike Versoeke:** Bid vir die huidige behoeftes van lidmate, gesinne, familie en bure.
**Luister en Reageer:** Neem tyd om te luister vir God se stem en reageer in lof of sang.

### Voorstelle vir Liedere

*SDA Hymnal:* Power in the Blood (294); Nothing Between (322)

*Adventlofliedere:* O Laat my wandel, Heer, met U (284); Doen net U wil, Heer (239); Ek gee Alles oor (190); Jesus lei My deur die Lewe (296); Neem Tyd vir Gemeenskap (276); Meer Liefde Heer vir U (311)